# HOOFSTUK I

## PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

„Die gevaar dat kinders verkeerde keuses van skoolvakke doen, is nou, met die gedifferensieerde onderwysstelsel, baie groter en ouers en leerlinge sal dubbel op hul hoede moet wees".[1] Hierdie veelseggende aanhaling deur die Administrateur van Transvaal het 'n noue verband met die doel van hierdie ondersoek.

In die eerste hoofstuk word die aandag gevestig op die doel van hierdie ondersoek, op die omvang en begrensing van die probleem en op die metode wat gevolg gaan word om die probleem te probeer oplos. Vervolgens word daar 'n uiteensetting van sekere begrippe en die program van studie gegee.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

#### 1.2.1 DIE DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK

In Suid-Afrika en elders is al baie navorsing gedoen om vas te stel waarom so baie eerstejaarstudente aan universiteite akademies swak presteer. Uit die bevindings van hierdie navorsers blyk dit dat 'n groot persentasie 'n verkeerde vakkeuse gedoen het.[2] Op skool word dieselfde verskynsel waargeneem, nl. dat baie leerlinge nie die paal haal in die finale eksamen van standerd nege en tien nie.

---

1. Van Niekerk, S.G.J. Slaggate in die keuse van skoolvakke. Die Vaderland, 35(10910): 5 kol.4, 17 Mei 1972.
2. Sonnekus, M.C.H. Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasietoetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteitstudente, pp. 33-34.

Heel moontlik kan dit ook toegeskryf word aan 'n verkeerde vakkeuse aan die einde van standerd agt. Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel watter faktore 'n invloed op die vakkeuse van standerd agt leerlinge aan 'n bepaalde skool uitgeoefen het.

### 1.2.2 DIE OMVANG VAN DIE PROBLEEM

Dit gebeur dikwels dat leerlinge in die loop van die jaar en ook gedurende die finale eksamen nie skolasties na wense presteer nie. Vir hierdie verskynsel kan baie verklarings gegee word, soos byvoorbeeld luiheid, swak gesondheid, lae intelligensie, swak onderwysers en swak omstandighede tuis.[1]

Een van die aanleidende faktore tot hierdie ondersoek, is die volgende treffende ervaring wat skrywer, as ondereksaminator in Natuur- en Skeikunde, beleef het: 'n Kandidaat in die Eindeksamen het geen vrae beantwoord nie; in plaas daarvan het hy 'n brief aan die eksaminator geskryf, waarin hy verklaar het dat hy tog nooit sal slaag nie, aangesien hy nie in die vak belangstel nie en nog nooit probeer het om dit te verstaan nie.

Dit is opvallend dat Natuur- en Skeikunde 'n keusevak op skool is. Hierdie leerling moes dus aan die einde van standerd agt Natuur- en Skeikunde gekies het, as een van sy vakke vir standerd nege en tien. Dat hy 'n verkeerde keuse gedoen het, spreek uit sy brief aan die eksaminator. So is daar egter ook die kandidate wat baie goeie resultate behaal in Natuur- en Skeikunde, ook hulle het die vak gekies.

---

1. Finger, J.A. jr. Academic motivation and youth-culture involvement: Their relationship to school performance and career success. The School Review, 74: 177-95, Somer 1966.

Wanneer die vakke wat aan leerlinge in Transvaal voorgelê word,[1] om minstens ses en hoogstens sewe vakke uit te kies, in oënskou geneem word, wil dit voorkom asof daar 'n baie wye keuse aan leerlinge gebied word. Hoe wyer 'n keuse gemaak word, hoe moeiliker word dit egter vir die leerling om die regte keuse te doen. Onder die regte keuse word,onder meer, verstaan dat die leerling vakke gekies het wat hy kan baasraak om sodoende die finale eksamen te slaag.

Daar bestaan 'n bepaling dat 'n leerling aan 'n Afrikaanse Sekondêre skool Afrikaans in die Hoër Graad en Engels minstens in die Laer Graad moet neem.[2] Hierdie verpligting bring die leerlinge voor 'n wye keuse te staan, aangesien hulle uit die oorblywende vakke nou slegs vier of hoogstens vyf moet kies om aan vrystellingsvereistes te voldoen.[3]

Met die koms van die rekenoutomaat en alles wat daarmee gepaard gaan, het die beroepseise radikaal verander en 'n toenemende vraag na gespesialiseerde mense het in byna alle rigtings ontstaan:[4] die natuurwetenskappe, die ekonomiese en handelswetenskappe, die studie van moderne tale ens. Die vraag na hierdie persone het daartoe bygedra dat die leerlingtal aan die sekondêre skole met rasse skrede toegeneem het. In Transvaal het die aantal sekondêre leerlinge in die afgelope dertig jaar meer as verdriedubbel en aan die einde van 1969 was daar reeds 4158 leerlinge wat die Universiteitstoelatings- en 2866 leerlinge wat die Eindeksamen van die Middelbare skool afgelê het.[5] As gevolg van hierdie skielike toeloop na sekondêre skole, verkry die skoolbevolking 'n ander karakter as vroeër jare. Waar die skoolbevolking eers hoogs geselekteerd en homogeen was, kom die huidige leerlinge uit al die bevolkingslae, ekonomiese lae, intelek-

---

1. Kyk paragraaf 1.4.
2. Transvaalse Onderwysdepartement. Handboek vir die Universiteitstoelatingseksamen en die Eindeksamen van die Middelbare skool, p.5.
3. Ibid., p.15.
4. Minor Gwynn, J. & Chase, J.B. Jr. Curriculum principles and social trends, pp. 363-364.
5. Transvaalse Onderwysdepartement: Verslag (Bylaes oor statistiek) 1969, p.2.

tuele lae en belangstellingsrigtings. Dit is dus die taak van die hedendaagse sekondêre skool om in hierdie behoeftes van 'n uiters heterogene groep leerlinge te voorsien.[1] Om hierdie taak te kan vervul, moet die stelsel van onderwys voorsiening maak vir bevrediging van die veelvuldige behoeftes van die samelewing aan die een kant en die uiteenlopende behoeftes, vermoëns en belangstelling van die indiwiduele leerling aan die ander kant. Slegs 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys kan hierin voorsien, aangesien die doel met 'n stelsel van gedifferensieerde sekondêre onderwys is om onderwys te verskaf ooreenkomstig die bekwaamhede van leerlinge en die behoeftes van die land.[2]

Hieruit blyk baie duidelik dat sekondêre skole nie hulle kurrikulum tot enkele vakke kan beperk nie. Sekondêre skole oor die hele wêreld word dus genoodsaak om hulle kurrikulums uit te brei, ten einde op doeltreffende wyse in moderne behoeftes te voorsien. Die aantal vakke aan sekondêre skole het mettertyd steeds vermeerder wat daartoe gelei het dat 'n keuse deur iedere leerling uit die groot aantal vakke gemaak moet word.[3]

Met die instelling van vakkeuses het, onder meer, die volgende probleme na vore getree: hoeveel vakke moet in die kurrikulum ingesluit word? hoeveel vakke moet gekies word? wanneer moet die leerlinge kies? moet die leerlinge self kies? moet die skool kies? moet die ouers kies? moet die skool, die leerlinge en die ouers saamspan en kies?[4] Die vraag wat die kern van die voorgaande vorm, is: watter faktore kan intuïtief onderskei word: die persone met wie die leerling in aanraking kom (ouers, maats, onderwysers),[5]

---

1. Kyk paragraaf 2.2.10
2. Kyk paragraaf 2.2.10; vergelyk ook paragraaf 2.2.6.
3. Kyk paragraaf 1.4.
4. Pont, H.B. & Butcher, H.J. Choice of course and subject specialisation in seventeen Scottish secondary schools. Scottish Educational Studies, 1(2), Mei 1968, pp. 9-11.
5. Cobb, R.A. & Corduzier, V.R. What factors influence curriculum choice? American Vocational Journal, 41(7), Okt. 1966, pp. 30-32.

die leerling se belangstelling in die vak,[1] die omgewing waarin hy hom bevind (stedelik of plattelands), moderne kommunikasiemiddels (radio, tydskrifte, rolprente ens.), beroepsvooruitsigte en vorige prestasie in die vak.[2]

In die meeste skole word leerlinge vir die eerste keer in standerd agt in die posisie gestel om 'n vakkeuse te doen.[3] In die Republiek van Suid-Afrika kom duisende leerlinge elke jaar, aan die einde van standerd agt, voor so'n vakkeuse te staan. Suid-Afrika kan nie bekostig dat 'n groot aantal leerlinge 'n verkeerde vakkeuse doen nie, want daardeur gaan baie van hulle potensiaal vir die samelewing verlore. Indien hierdie selfde leerlinge die regte vakkeuse sou doen, kan hulle moontlik 'n groter bate vir die gemeenskap wees.

In die laaste instansie bevind die kind hom vandag in 'n tyd van toenemende gejaagdheid, waarin die strewe na die goeie al minder word.[4] Om 'n keuse, enige keuse, te doen, verg egter baie tyd en inspanning van die kind. Te midde van hierdie omstandighede moet die kind nou 'n vakkeuse doen wat sy hele toekoms kan beïnvloed. Alles moet dus in die stryd gewerp word om die kind die regte keuse te laat doen. Voorligting aan leerlinge i.v.m. vakkeuses is dus van die grootste belang. Alleen deur dit te doen, kan ons verseker wees van nuttige, gelukkige en vooruitstrewende landsburgers, en om hierdie voorligting te kan gee moet òòk die faktore wat die kind se keuse beïnvloed, geken en in ag geneem word.

---

1. Wilkenson, W.T. An analysis of the choice of subjects in the sixth form. Educational Review, 19(2), Febr. 1967, p. 106.
2. Cobb, R.A. & Cordozier, V.R. Op. cit., pp. 30-32.
3. Vanaf 1973 sal leerlinge aan die einde van standerd sewe voor 'n vakkeuse gestel word volgens Handleiding vir die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal, Junie 1972.
4. Breedt, A. Fasette van die samelewingstruktuur waarin die hedendaagse jongmens lewe. Onderwysblad, April 1972, p. 85. ; Nieuwenhuis, H. Algemene inleiding, grondslagen en begrippen van vernieuwing in het onderwys, p.102.

### 1.2.3 AFBAKENING VAN DIE PROBLEEM

Omdat dit onmoontlik is om in 'n studie soos hierdie, die probleem soos hierbo beskryf, in sy volle omvang en na al sy verskillende aspekte en fasette te ondersoek, is dit nodig om slegs 'n deel daarvan af te baken vir nadere ondersoek.

Daar sal slegs aan een bepaalde skool ondersoek ingestel word na die faktore wat vakkeuse aan die einde van standerd agt beïnvloed het.[1] Vir die uitvoering van hierdie ondersoek, word alle leerlinge in standerd nege geneem wat pas hulle vakkeuse gedoen het t.o.v. sowel die Universiteitstoelatingskursus as die kursus vir die Eindeksamen van die Middelbare skool. Die skool waaruit die leerlinge geneem word, is 'n Afrikaanse sekondêre skool aan die Rand en word bygewoon deur leerlinge uit alle lae van die stedelike bevolking.

In die bepaalde skool word die volgende vakke aan die leerlinge gebied om hulle keuse uit te doen:

UNIVERSITEITSTOELATINGSKURSUS

1. Afrikaans Hoër Graad. (verpligtend)
2. Engels Laer Graad. (verpligtend)
3. Duits of Latyn of Aardrykskunde.
4. Wiskunde of Houtwerk of Huishoudkunde.
5. Rekeningkunde of Biologie.
6. Natuur- en Skeikunde of Geskiedenis of Tik. (Wiskunde is verpligtend as Natuur- en Skeikunde gekies word).

Uit elk van 3 tot 6, hierbo, moet leerlinge een van daardie vakke kies wat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad erken word vir universiteitstoelating.

---

1. Kyk paragraaf 1.2.1

DIE KURSUS VIR DIE EINDEKSAMEN VAN DIE MIDDELBARE SKOOL

1. Afrikaans Hoër Graad. (verpligtend)
2. Engels Laer Graad. (verpligtend)
3. Aardrykskunde of Handel.
4. Wiskunde of Houtwerk of Huishoudkunde of Handel.
5. Rekeningkunde of Biologie.
6. Natuur- en Skeikunde of Geskiedenis of Tik. (Wiskunde is verpligtend as Natuur- en Skeikunde gekies word)

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Daar bestaan 'n hele aantal beproefde metodes wat gebruik kan word om opvoedkundige navorsing te doen. Hieruit moet een of meer gekies word, wat sal aanpas by die doel, aard en omvang van hierdie bepaalde ondersoek. In hierdie ondersoek moet informasie waaroor respondente beskik van hulle verkry word. In weerwil van die uitspraak: ".... the most important piece of advice about the questionnaire technique would be to avoid it entirely,"[1] moes daarvan gebruik gemaak word, omdat die nodige informasie nouliks op 'n ander manier bekom kan word.

Die prosedure kom daarop neer dat vraelyste aan die respondente gegee word en waar nodig ook persoonlike onderhoude met sommige respondente gevoer word. Die besonderhede hieromtrent word volledig in hoofstuk 3 uiteengesit. Omdat vakkeuse die kern van hierdie ondersoek is, is dit nodig om op hierdie stadium 'n uiteensetting daarvan te gee.

## 1.4 VAKKEUSE

Leerlinge wat vir die Transvaalse universiteitstoelatingseksamen inskryf en daarin slaag, word toegelaat

1. Crawford, C.C. The technique of research in education, p. 177.

om verder vir 'n graad aan 'n universiteit te gaan studeer, terwyl die leerlinge wat vir die Eindeksamen van die Middelbare Skool inskryf en daarin slaag, nie na 'n universiteit mag gaan vir graadstudie nie, maar slegs vir die verwerwing van 'n diploma. Verskillende universiteite stel ook sekere vereistes voordat 'n kandidaat toegelaat sal word om vir sekere diplomakursusse in te skryf.[1]

Vir die universiteitstoelatingseksamen moet 'n kandidaat vir minstens ses en hoogstens sewe vakke inskryf en die vakke moet uit die volgende gekies word:[2]

Afrikaans Hoër Graad.
Engels Hoër Graad.
Engels Laer Graad.
Afrikaans Laer Graad.
Duits.
Frans.
Latyn.
Grieks.
Hebreeus.
Portugees.
Italiaans.
Noord-Sotho Laer Graad.
Zoeloe Laer Graad.
Tswana Laer Graad.
Wiskunde.
Natuur- en Skeikunde.
Biologie.
Geskiedenis.
Aardrykskunde.
Ekonomie.
Houtwerk.
Metaalwerk.

---

1. Transvaalse Onderwysdepartement. Handboek vir Universiteitstoelatingseksamen en die Eindeksamen van die Middelbare Skool, p. 54-58.
2. Ibid., p. 2.

Huishoudkunde.
Rekeningkunde.
Handel.
Tik.
Snelskrif.
Shorthand.
Snelskrif/Shorthand.
Shorthand/Snelskrif.
Kuns.
Instrumentale Musiek.
Meganika.
Bybelkunde.[1]

VOORWAARDES OM IN DIE EKSAMEN TE SLAAG

Ten einde in die eksamen te slaag, moet 'n kandidaat aan die voorgeskrewe vakgroepering voldoen, deur met 40% te slaag in 'n vak uit elk van die volgende groepe:

Groep I: Afrikaans Hoër Graad, Engels Hoër Graad.

Groep II: Afrikaans Hoër Graad of Engels Hoër Graad. (Indien nie vir Groep I gekies nie.) Engels Laer Graad, Afrikaans Laer Graad, Duits, Frans, Latyn, Grieks, Hebreeus, Portugees, Italiaans.

Groep III: Noord-Sotho, Zoeloe, Tswana, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Biologie, 'n derde taal nie reeds in Groep II gekies nie en wat een van die volgende kan wees: Duits, Frans, Latyn, Grieks, Hebreeus, Portugees, Italiaans.

Groep IV: Geskiedenis, Aardrykskunde, Ekonomie, Bybelkunde, Noord-Sotho, Zoeloe, Tswana indien nie in Groep III gekies nie, 'n vak uit Groep II wat nog nie gekies is nie; Wiskunde indien nie vir Groep III gekies nie.[2]

---

1. Ibid., p. 2.
2. Ibid., p. 2.

**VOORWAARDES OM IN DIE EINDEKSAMEN VAN DIE MIDDELBARE SKOOL TE SLAAG**

'n Kandidaat moet vir minstens ses en hoogstens sewe vakke inskryf en die vakke moet uit dieselfde lys gekies word as vir die universiteitstoelating, soos hierbo aangedui is.

Ten einde die eksamen te slaag moet 'n kandidaat -

1. 'n Groottotaal van minstens 40% behaal.
2. In minstens vyf vakke slaag, waarvan een 'n amptelike taal in die Hoër Graad moet wees.

Met dien verstande dat -

i. nie meer as vier tale aangebied word nie en dat
ii. dieselfde taal nie op sowel die Hoër as die Laer Graad aangebied word nie.[1]

Dit is egter onmoontlik vir een skool om al hierdie genoemde vakke, waaruit 'n leerling sy keuse kan maak, aan te bied. Die hoof, in medewerking met sy personeel, maak 'n keuse uit die vier vakgroepe en hierdie keuse word dan aan die leerlinge voorgelê. Die skool waar die ondersoek uitgevoer word se vakke word uit hierdie lys van vakke gekies.[2]

## 1.5 DIE PROGRAM VAN HIERDIE ONDERSOEK

Daar word allerwee besef dat die sekondêre skool 'n uiters belangrike rol in die hedendaagse lewe speel en daar moet dus gepoog word om die potensialiteite van leerlinge, wat hierdie skole bywoon, tot optimale ontplooiing te bring. Om hierin te slaag moet aan die sekondêre skool die nodige vakke aangebied word, wat by die potensialiteit van elke leerling pas en hieruit moet die leerling 'n keuse doen. Die volgende hoofstuk is 'n oorsig van die literatuur oor wat reeds op die gebied van hierdie probleem gedoen is.

---

1. Ibid., p.15
2. Kyk paragraaf 1.2.3

Daar word besef dat baie faktore 'n invloed kan uitoefen op die vakkeuse. In hoofstuk 3, wat handel oor die questionnaire as metode en waar 'n volledige beskrywing van die metode van ondersoek gegee word, word daar gepoog om 'n tentatiewe inventaris te verstrek oor die faktore wat 'n invloed op die vakkeuse uitoefen.

Met die empiriese ondersoek word 'n poging aangewend om hierdie tentatiewe inventaris te verifieer en om moontlike tendense aan die lig te bring. In hoofstuk vier word die resultate verwerk, die nodige evaluasie, besprekings en interpretasie gedoen.

In die laaste hoofstuk word 'n samevatting gegee van die bevindings, gevolgtrekkings, aanbevelings en implikasies wat voortspruit uit die ondersoek. Die neweprodukte van die ondersoek sal verskaf word en sekere aanbevelings ten opsigte van aanverwante probleme, wat navorsing verg, sal gedoen word.

## 1.6 MOTIVERING

Ter verdere motivering van hierdie ondersoek kan die volgende genoem word:

In die eerste plek wil die ondersoeker in alle beskeidenheid glo en vertrou dat hierdie ondersoek 'n bydrae tot die Opvoedkunde en opvoeding sal lewer, aangesien daar soveel op die spel is nadat 'n leerling 'n vakkeuse gedoen het; naamlik gaan daar sukses of nog 'n mislukking as gevolg van 'n verkeerde vakkeuse wees?

In die tweede plek is die ondersoek gerig op konservasie van mannekrag, aangesien blootlegging van die faktore, wat vakkeuse beïnvloed, moontlik daartoe kan bydra om leerlinge te help om die regte keuse te maak, verkeerde vakkeuse uit te skakel en mannekragverlies vanweë druiping of kursusstaking te voorkom.

In die derde plek is dit moontlik dat in die soeke na 'n oplossing vir hierdie probleem, daar heelwat ander probleme, wat nie soseer op hierdie ondersoek betrekking het nie, sal tevoorskyn tree en waarop later, deur ander navorsers, ingegaan sal kan word.

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die doel van die ondersoek en is die omvang van die probleem in al sy fasette bespreek. Aangesien die probleem so'n wye veld dek is slegs 'n deel daarvan vir hierdie ondersoek gekies, naamlik die faktore wat 'n invloed op vakkeuse van standerd agt leerlinge aan een bepaalde skool uitoefen. Daar is aangedui dat die questionnaire, aangevul deur persoonlike onderhoude, as metode gebruik gaan word.

Vervolgens sal 'n literatuuroorsig verstrek word van wat reeds op hierdie gebied ten opsigte van sekondêre leerlinge gedoen is.